

# Koringfokus

VOL 39.2

MARCH • APRIL 2021

# Wheat focus

**Evaluasie: Kultivars  
vir die nuwe seisoen**

*Bykomende kontrole  
by gradering*

**DEKGEWASSE EN  
ONKRUIDBEHEER**



# My Farm Our Future



**Quelex™ 200 WG**

Arylex® active

**HERBICIDE**

 **CortevaZA** on Facebook

 **CortevaAME** on Twitter

 **@Corteva** on Instagram

## TAKE BACK CONTROL OF WEEDS WITH THIS INNOVATIVE GROWTH REGULATOR HERBICIDE

Quelex™ 200 WG is an early post-emergence broadleaf weed herbicide in wheat in the Western Cape and the summer rainfall region with flexible application timing.

Control key weed species like Cape weed, clovers, fumitory, goose-daisy, prostate knotweed, small mallow, white goosefoot, wild radish and more.

**FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:** Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • **Paarl** +27 (0) 21 860 3620  
**Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • **Local Emergency No** +27 (0) 82 895 0621 (SA only) • **24 Hour Emergency No** +32 3 575 5555 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686, South Africa.

**ALWAYS USE AS PER LABEL RECOMMENDATION** • Quelex™ 200 WG contains Arylex® (*halauxifen-methyl*) and florasulam (Caution) | Reg. No. L10759 Act No. 36 of 1947 • ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2021 Corteva.



# Koringfokus

VOL 39.2 MARCH • APRIL 2021

# Wheat focus

REEDS 38 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR  
THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 38 YEARS

### VOORBLAD

Al die wintergewasse het in 2020 by boverwagte goeie reën en meer koue gebaat. Foto: Jan Greyling.

### Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan  
*bona fide*-kleingraanprodusente



### MEDIAKOM

#### Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

**Mediakom**  
**Posbus 20250**  
**Noordbrug**  
**2552**

Tel: 018 293 0622  
E-pos: [info@mediakom.co.za](mailto:info@mediakom.co.za)  
[www.mediakomcc.co.za](http://www.mediakomcc.co.za)

**REDAKTEUR:** Willie Louw  
**ADVERTENSIES:** Jana Greenall  
011 476 3702 / 082 780 9914  
**UITLEG:** Alouise J van Vuuren  
- [alouisejw@gmail.com](mailto:alouisejw@gmail.com)

#### KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die betekeniswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

## AGRI-INFO

- 5 Jannie de Villiers tree uit by Graan SA
- 5 Nampo Bothaville (voorlopig) in Augustus
- 5 Tydsverloop by invoerheffing kwel steeds – nultarief ingestel
- 6 Bykomende kontrole vir graangradering ingestel
- 7 Wet se gesag ontbreek by graderings
- 11 ALLEMINTIGE wintergraanoeste
- 15 South Africa ranked high in food security
- 18 Yield competition continued, expanded to include wheat
- 20 Graan SA streekvergadering vir wintergraan
- 41 More opportunities with acquisition




Nampo uitgestel

5

## SMALL GRAIN

- 17 Die voorkoms van ergot in raaigras
- 22 Kan dekgewasse help met onkruidbeheer?
- 26 2020 Koringkultivar-evaluasie in die Wes-Kaap
- 32 2020 Koringkultivar-evaluasie in die somerreëng gebied
- 36 2020 Wheat cultivar evaluation under irrigation



Opbergers flink met groot oes

11

## MARKET-INFO

- 8 Wintergewasse van 2020 laat rekords tuimel
- 40 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie
- 42 Sóveel produkte uit koring vervaardig



Dekgewasse en onkruid

22



# SIVANTO<sup>®</sup>

prime

We back you with

**CROP PROTECTION**

**SIVANTO<sup>®</sup> prime**  
is an insecticide  
registered on wheat,  
barley, stone fruit and  
tomatoes.

For more information  
download the Bayer App,  
BayerCropSA.



**Excellent efficacy  
against aphids  
& whitefly**



**Rapid Activity**



**Flexibility of use**

**Your pride**  
*our passion*

*Let's talk...*



@Bayer4Crops

Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07  
27 Wrench Rd, Isando, 1601.  
P O Box 143, Isando, 1600.  
Tel: +27 11 921 5002  
[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za) // [www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za)

Sivanto<sup>®</sup> prime Reg. No. L10776 (Act No. 36 of 1947).  
Sivanto<sup>®</sup> prime contains Flupyradifurone (Butenolide) (Caution).  
Sivanto<sup>®</sup> prime is a registered trademark of Bayer AG, Germany.  
Use strictly according to instructions on label.

# Grow in harmony





# Tydsverloop by invoerheffing kwel steeds - nultarief ingestel

Die bedryf beywer hom vir beter metodiek met die vasstelling van die invoerheffing op koring, soos 'n stelsel wat outomaties kan aanpas. Dit kan onsekerhede tydens verdragings met die aankondiging van die heffing uitkakel, sê Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA (GSA).

**T**YDENS GSA SE streekvergadering vir wintergraan het mnr De Villiers gesê die heffing se aankondigings skep groot frustrasie. Dit was een van die punte wat in die Koringforum se omdraai-strategie aangepak is en nog nie afgehandel is nie.

Die stelsel waarvolgens koring se wisselende invoerheffing vasgestel word is doeltreffend, maar verdragings met die gepubliseerde aankondiging van die tarief het volgens die Koringforum in die afgelope drie jaar onsekerheid in markte veroorsaak.

'n Formele diensooreenkoms tussen die regering en die koringbedryf kan volgens die Koringforum help om die probleem te beredder. Dié ooreenkoms kan vasgestelde tydskedules en voorskrifte insluit waarmee die betrokke departemente se prestasie gemeet kan word.

Die heffing is op 12 Februarie 2021 van R544,20 verminder tot R102,70 nadat dit reeds op 20 Oktober 2020 vir hierdie bedrag gekwalifiseer het. Op 16 Maart 2021 is 'n nultarief in die staatskoerant gepubliseer.

Die heffing het op 2 Maart 2021 tot die vlak van R0,00 per ton gedaal. Dit is die eerste keer sedert September 2014 dat 'n heffing op ingevoerde koring nie betaalbaar is nie.

Die koringtarief, wat 'n sogenaamde formule-reg is, word met 'n vooraf bepaalde formule bereken. Die vlak daarvan word deur die vlak van die internasionale prys van VSA HRW no.2-koring en die R/\$-wisselkoers bepaal.

Hoe laer die HRW #2-prys en hoe swakker die wisselkoers, hoe hoër die tarief en omgekeerd.

Omdat die HRW #2-koringprys drasties gestyg het, veral sedert die begin van September 2020, het die formule daarom bepaal dat die invoerheffing tot 'n vlak van nul rand per ton aangepas moes word. ♡

# Jannie de Villiers tree uit by Graan SA

**J**ANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoof van Graan SA, het tydens die organisasie se aanlyn-streekvergadering vir wintergraanprodusente kennis gegee dat hy in Augustus 2021 die tuig gaan neerlê. Dit volg op 'n dienstermyn van tien jaar nadat hy in 2011 van die Meulenaarskamer af by Graan SA aangesluit en dr Kobus Laubscher opgevolg het. 'n Werwings- en keuringsproses vir 'n opvolger is reeds by Graan SA aan die gang.

Die bekendmaking van mnr De Villiers se aanstelling in Februarie 2011 is aanvanklik met verbasing begroet omdat die Meulenaarskamer en wintergraanprodusente dikwels koppe gestamp het. Dit het ook heelwat humoristiese aanmerkings tot gevolg gehad. Tydens die afgelope streekvergadering het een produsent, Hein Visagie, weer na die verlede verwys toe hy tong in die kies gevra het of mnr De Villiers na die meulenaarsbedryf toe gaan terugkeer.

Mnr De Villiers het laat blyk dat hy "hersteltyd" nodig het na sommige "slegte" vergaderings in die afgelope maande. ♡



Jannie de Villiers



## Nampo Bothaville (voorlopig) in Augustus

**M**ET DIE VERTROU dat 'n Nampo Oesdag volgens grendelregulasies moontlik gaan wees, het Graan SA besluit om die datum van Mei na Augustus 2021 uit te stel. Die uitgestelde datum sal 1 Junie 2021 weer geëvalueer en indien nodig hersien word.

Volgens 'n verklaring deur Graan SA is die voorlopige datum vir die Nampo Oesdag op Bothaville 17 tot 20 Augustus 2021. Dit sou 11 tot 14 Mei 2021 op Nampo Park buite Bothaville plaasgevind het.

Nampo Kaap se skou, geskeduleer vir 8 tot 10 September 2021 op Bredasdorp in die Wes-Kaap, en die Nampo Alfa-skou, beplan vir 30 September tot 2 Oktober 2021 op Nampo Park, Bothaville, gaan in hierdie stadium op die vasgestelde datums voort.

"Die gesondheid en veiligheid van besoekers, uitstallers, personeel, borge en die hele landbougemeenskap tydens die Nampo Oesdag is van die grootste belang en word gelei deur hierdie prioriteite en beste praktyk. Die besluit om die geleentheid uit te stel was 'n noodsaaklike besluit," het Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van Graan SA gesê.

Graan SA het met alle belanghebbendes gekonsulteer voor die uitselbesluit geneem is. Die potensiële risiko van verdere COVID 19-golwe in die komende maande kon nie geïgnoreer word nie.

"Terwyl ons voorsorg tref en sommige dinge 'n bietjie anders doen, is ons strewe om 'n gediversifiseerde landbouhandelskou aan te bied wat tot voordeel is van ons getroue en jarelange vennote, die plaaslike gemeenskappe en die breër landbousektor in geheel," sê dr Dirk Strydom, bestuurder van graanekonomie en -bemarking. "Graan SA is daartoe verbind om risiko-ingeligte besluitneming toe te pas en om alle belanghebbendes op hoogte te hou." ♡

# Bykomende kontrole vir graangradering ingestel

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling stel van 1 Mei 2021 af 'n bykomende reguleringsdiens in vir die gradering van graan en oliesade by silo's. Die bykomende koste vir die graanwaardeketting beloop volgens Agbiz Grain sowat R4/ton of in geheel sowat R170 miljoen.

**HUIDIGE STELSLS VERLOOP** doeltreffend en sluit self-regulering en die nakoming van standaarde in en dit bevat geen monopolie nie, sê Agbiz Grain se hoofbestuurder, Wessel Lemmer.

“Die gradering van kommoditeite in Suid-Afrika word behoorlik gereguleer en die inligting word tydig en openlik uitgeruil tussen diene wat by die transaksie betrokke is. Die departement van landbou het nog nie verduidelik waarom die graderingsfunksie by silo's geïnspekteer moet word nie,” sê mnr Lemmer volgens 'n verklaring deur Agbiz Grain wat in Landbouweekblad gepubliseer is.

Ingevolge wetgewing kon belanghebbendes kommentaar lewer op die voorgestelde inspeksiediens. Die voorgestelde diens se koste beloop sowat R4/ton vir graan en oliesade, R6/ton vir koring- en mielieprodukte (brood uitgesluit) en R0,04/brood.

Die instelling van 'n inspeksiediens kom reeds van 2016 af toe die departement Leaf Services as geïmplementeerde aangestel het om die diens uit te voer. Leaf is 'n akroniem vir *leadership, environment, agriculture* en *fisheries* en is deur 'n vorige minister van landbou, bosbou en visserye aangestel.

Sowat 'n jaar gelede het die departement en Leaf Services besef 'n geïmplementeerde kan nie die totale graderingsfunksie, personeel en instrumente oorneem nie omdat dit tot groot koste en teenstand in die waardeketting sou lei.

Sedert 2017 is verskeie pogings aangewend om 'n sakeplan voor te lê. Leaf Services het aanvanklik die internasionale onderneming SGS versoek om behulpsaam te wees maar dié het later aan die proses onttrek. Daarna is die Britse maatskappy HallMark se dienste ingeroep. 'n Sakeplan en die lewensvatbaarheidstudie is op 1 Februarie vanjaar aan belanghebbendes in die waardeketting beskikbaar gestel.

“Die huidige voorstel is dat die geïmplementeerde die graderingsfunksie, instrumente en personeel se graderingsvermoë sal inspekteer,” sê mnr Lemmer. “Om koste laag te hou word voorgestel dat silo's hul personeel vir 'n dag of twee sal sekondeer

om in diens van Leaf Services te wees. Silo's sal die heffing, wat statutêr gaan wees, moet insamel en administratiewe stelsels daarvoor in werking moet stel.”

Volgens berigte gaan dit onprakties wees om bestaande graderingspersoneel by opbergers vir die inspeksies aan te wend. Hulle het ook ander take en doen nie die gradering voltyds nie.

## Huidige stelsel

Mnr Lemmer verduidelik in die artikel hoe omvattend en doeltreffend die huidige gradering- en selfreguleringstelsel is en hoe ander lande met taakspanne optree om te voorkom dat hul bedrywe en ekonomiese groei deur onnodige administratiewe laste belas word. Suid-Afrika kan volgens mnr Lemmer lesse daaruit leer.

“Dié lande streef daarna om duur administratiewe laste deurlopend te verminder en poitici ondersteun die proses. Inligtingstegnologie word deurlopend gebruik om die administratiewe las op ondernemings te verlig.”

In Suid-Afrika pas die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) ringtoets in die graderingstelsel toe waaraan Agbiz Grain se lede as opbergers deelneem. Die graderingsinligting word dadelik aan die betrokke partye verskaf.

Selfregulering in die gradering van graan en oliesade is reeds ná deregulering tot 'n wetlike vlak verhef. Die Wet maak ook voorsiening vir regstellende stappe en boetes.

“Die graderingsinligting nadat 'n gelewerde kommoditeit gegradeer is, word volledig en tydig aan die betrokke partye verskaf. Dit regverdig dus nie 'n toename in regulering en koste nie,” sê mnr Lemmer. Daar is ook nie 'n monopolie in die stelsel wat groter regulering regverdig nie.

“In Suid-Afrika word gradering uitgevoer deur 'n kombinasie van selfregulering en vereistes waaraan gradering dien-ooreenkomstig die afgekondigde graderingsregulasies moet voldoen. Die stelsel werk uitstekend.”



# Wet se gesag ontbreek by graderings

Hoewel daar prysenswaardige selfregulering in die graderingsbedryf van graan is, ontbreek wetlike gesag by inspeksies en afdwingingsgesag. Wetstoepassing kan nie lukraak toegepas word nie en die regering moet sover dit produkstandaarde betref sy plig teenoor verbruikers nakom.

**HIERDIE STELLINGS HET** na vore gekom tydens 'n radio-onderhoud wat met Danie Botes, uitvoerende hoof van Leaf Services, op RSG Landbou gevoer is. Leaf Services is deur die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling aangestel om van 1 Mei 2021 af 'n inspeksiediens by graangradering te lewer. Die aanvanklike datum vir die diens was 1 April, maar weens 'n stelselprobleem is die regulasie eers op 22 Februarie 2021 in die Staatskoerant afgekondig.

Die inspeksiediens gaan op die operasies se graderingsfunksie, instrumente en personeel se graderingsvermoë van toepassing wees.

Mnr Botes verduidelik dat die departement van landbou ná deregulering in die landboubedryf nie die kapasiteit gehad het om, volgens die nuwe Wet op Produkstandaarde, inspeksies te doen nie. In 2014 is egter besluit om die Wet na te kom en van gevolmagtigdes se dienste vir inspeksies gebruik te maak.

Hy sê daar is 'n groot mate van voldoening in die (graangraderings)bedryf en die landboustrukture doen goeie werk. Daar bestaan egter nie 'n inspeksiegesag of afdwingingsgesag nie, daarom is dit onbekend wat werklike voldoening in die bedryf is.

“Baie partye is bekommerd oor hulle met ander partye moet meeding wat 'n onregverdigde voordeel het omdat regulasies nie gevolg word nie. Ons waardeer die werk met selfregulering wat die bedryf gedoen het en ons gee erkenning aan die partye wat selfregulering bewys, want by hulle is minder onafhanklike toetse nodig.”

Volgens die Wet is die bedryf verantwoordelik vir inspeksies se koste. Leaf Services se mandaat van die departement af gaan oor baie meer faktore as die graderingspraktyke en -standaarde.

Mnr Botes sê sewentig persent van Leaf Services se aktiwiteite en begroting gaan vir die toetsing van stapelvoedselprodukte wat na die eindverbruiker toe gaan.

Dit word deur onafhanklike laboratoriums met toetse uitgevoer. 'n Klein deel van hulle begroting is op gradering van toepassing.

Die bedrag van R170 m wat in die bedryf aangehaal word, is volgens mnr Botes redelik akkuraat en hulle probeer om die koste te verminder.

“Ons metodologie maak staat op hulpbronne wat reeds in die bedryf gebruik word. Waar daar reeds stelsels en personeel is, wil ons dit gebruik om koste vir nuwe personeel en dienste te verminder. Ons kyk na 'n bedrag van R110 m vir nuwe koste.”

Hy bereken die koste van hierdie diens aan die Suid-Afrikaanse bevolking op minder as R2 per persoon per jaar of minder as 0,1% van die gemiddelde persoon se besteding aan stapelvoedsel. Daarmee word verseker dat verbruikers wat brood, mielie- en koringmeel koop die waarde kry wat hulle moet ontvang en terselfdertyd verbeter die vertroue in die graderingsproseses. ♡

kelpak.com



## Al jare lank in diens van die boer

Vanaf 1978 is Kelpak wetenskaplik bewys om wortelgroei en plantgesondheid te verbeter met uitstekende opbrengsverbeterings asook eindproduk kwaliteit tot gevolg.



# Wintergewasse van 2020 laat rekords tuimel

Die goeie landbutoestande van 2020 het nie net wintergewasse se oesrekords laat tuimel nie, maar skep ook positiewe oesvoorsigte vir die volgende seisoen. Wanneer die Nasionale Oesskattingskomitee se eerste plantvoornemens vir die 2021-seisoen in April aangekondig word, sal dit duidelik word of moutgars se hektare ten gunste van koring en kanola gaan daal.

**IN DIE NASIONALE** Oesskattingskomitee (NOK) se finale produksie- en oppervlakteskattings van 2020 se wintergraanoes op 25 Februarie 2021 is rekordoste vir moutgars en kanola weerspieël. Met koring word die grootste verwagte oes sedert die 2008-seisoen gelever.

Koring se verwagte oes beloop 2,109 miljoen ton met 'n verwagte opbrengs van 4,14 ton/ha. Dit kan 'n besparing meebring op die hoeveelheid koring wat Suid-Afrika moet invoer. Die verwagte koringoes is die grootste sedert die 2008-seisoen se 2,130 miljoen ton.

Die produksieskattings vir moutgars is 589 846 ton en vir kanola is dit 166 956 ton. Die verwagte hawer-oes vir ontbytgraan is 56 150 ton.

## Koring


Teenoor die 2019-oes van 1,5 miljoen ton is vanjaar se oes 574 100 ton meer. Die verwagte produksie in die Wes-Kaap is 1,092 miljoen ton (52% van die totale oes), in die Vrystaat 413 600 ton (20%) en in die Noord-Kaap 271 950 ton (13%).

Die oppervlakte onder koring beloop 509 800 ha. Dit is 30 200 ha minder as die 2019-oes se aanplantings.

Ondanks veel minder aanplantings in die Vrystaat en reënprobleme tydens oestyd in sommige streke, was die produksie steeds meer as in die vorige seisoen. Die oppervlakte was 94 000 ha en die opbrengs 4,4 ton/ha. Produksie was 87 600 ton meer as in die vorige seisoen.



Figuur 1: Koringproduksie 2010-2020. Bron: NOK.



Figuur 2: Moutgarsproduksie 2010-2020. Bron: NOK.



Figuur 3: Kanolaproduksie 2010-2020. Bron: NOK.

Tabel 1: Wintergewasse 2020-produksieseisoen: Oppervlakte en finale produksieskattings. Bron: NOK.

GEWAS kommersieel	Opp. beplant 2020	Opp. beplant 2019	Finale skattings 2020	Finale oes 2019
	Ha	Ha	Ton	Ton
Koring	509 800	540 000	2 109 100	1 535 000
Moutgars	141 690	131 960	589 846	345 000
Kanola	74 120	74 000	166 956	95 000
Hawermout	26 200	21 000	56 150	16 500



**Tabel 2: Koring 2020-produksieseisoen: Oppervlakte en finale produksieskatting.** Bron: NOK.

Provinsie	Opp. beplant Ha	Opp. beplant Ha	Finale skatting Ton	Finale oes Ton
	2020	2019	2020	2019
Wes-Kaap	326 000	325 000	1 092 100	650 000
Noord-Kaap	37 000	37 500	271 950	262 500
Vrystaat	94 000	128 000	413 600	326 000
Oos-Kaap	4 000	3 100	26 000	18 150
KwaZulu-Natal	7 800	7 500	48 360	45 750
Mpumalanga	3 000	4 000	19 500	25 200
Limpopo	23 000	20 000	147 200	120 000
Gauteng	1 300	1 400	8 190	8 400
Noordwes	13 700	13 500	82 200	79 000
Totaal	509 800	540 000	2 109 100	1 535 000

Die Wes-Kaap se 326 000 ha was 1 000 ha meer as in die vorige seisoen en opbrengs het van 2019 se 2,0 ton/ha tot 3,35 ton/ha verbeter.

In die Noord-Kaap is 500 ha minder koring in die 2020-produksieseisoen geplant maar vanjaar se produksie van 271 950 ton was 9 450 ton meer as in die vorige seisoen.

Gunstige landbutoestande in Limpopo het ook vir 'n groot bydrae tot die land se koringoes gesorg. Die produksie het 147 200 ton beloop wat van 23 000 ha verkry is. Dit is 27 200 ton meer as in die vorige seisoen en 3 000 ha meer aanplantings.

### Ander gewasse

Die produksieskatting vir 2020 se rekordoes moutgars beloop 589 846 ton. Dit is 244 846 ton meer as in die vorige seisoen en verklaar hoekom daar vraagtekens is rondom toekomstige gekontrakteerde aanplantings vir moutgars weens alkoholbeperkings in die

Covid-19-tydperk. In die 2020-produksieseisoen was daar 'n toename van 9 730 ha teenoor die vorige seisoen se 131 960 ha. Die verwagte opbrengs beloop 4,16 ton/ha.

Die verwagte kanola-oes is 166 956 ton en die oppervlakeskatting is 74 120 ha, met 'n verwagte opbrengs van 2,25 ton/ha. Dit is die grootste verwagte kanola-oes wat nog plaaslik aangeteken is. In die vorige seisoen is 95 000 ton gelewer en die aanplantings was 74 000 ha.

Hawer vir ontbytgraan is op 26 200 ha geplant die verwagte oes beloop 56 150 ton met 'n opbrengs van 2,14 ton/ha. In die vorige seisoen het die aanplantings 21 000 ha beloop en die oes was 16 500 ton groot.

### Plantvoornemens

Die NOK se voorneme om wintergewasse vir 2021 te plant word 29 April 2021 vrygestel. Inligting is op die internet beskikbaar by [dalrrd.gov.za/statistics and economic reports](http://dalrrd.gov.za/statistics-and-economic-reports) of by [sagis.org.za](http://sagis.org.za) vanaf 14:30 op die dag van die toepaslike vergadering van die Oesskatting Komitee. ♡



## DIE ENIGSTE DING WAT ONS BETER AS BOERDERY VERSTAAN IS HOE OM DIT TE VERSEKER.

Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons **regte, egte versekering**.

Gaan na [www.santam.co.za/products/agriculture](http://www.santam.co.za/products/agriculture) of bel jou makelaar vir meer inligting.





**Continual improvement**  
in wheat cultivars and their  
performance since 1958.

[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

Sensako has been at the forefront of breeding in South Africa for 60 years and our high-performance wheat cultivars are tested and trusted by wheat producers to be consistently the best.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313,  
Langebaan +27 (22) 772 1611, [customer@sensako.co.za](mailto:customer@sensako.co.za)





# ALLEMINTIGE wintergraanoeste

Ofskoon die gehalte van 2020 se koringoes nie heeltemal op dieselfde hoë standaard is nie, was dit een van die grootstes tot nog toe, bevestig Ruan Schutte, ekonoom en bemarker van Graan SA. Die gehalte van veral die Vrystaatse koring is egter negatief geraak deur buitensporige reën tydens oestyd.

**Jan Greyling**  
MEDEWERKER

**TERWYL FINALE SYFERS** teen *Koringfokus Wheat Focus* se druktyd nog gefinaliseer is, het SAGIS se weeklikse produsenteleweringsyfers tot en met 5 Februarie 2021 'n nasionale oes van sowat 1 910 899 ton bevestig, teenoor 1 501 675 ton wat in 2019 gelewer is. (Lees ook die finale oes- en oppervlakteskatting op bladsy 8.)

“In die Wes-Kaap is die gehalte effens minder as in die vorige vyf jaar, maar onthou dat laer opbrengste soms beter gehalte lewer en dat met hoër opbrengste gehalte soms ingeboet word,” sê mnr Schutte.

Vanjaar se kanola-oes van nagenoeg 161 000 ton is die grootste ooit. Dit klop die 2019-lewering van 96 200 ton met 64 800 ton.

Hoewel die finale garsoeslewering uitstaande is, sê hy dat die 2020-oes, volgens die Nasionale Oesskatting Komitee, ook die grootste in die bedryf se geskiedenis is. Teen druktyd was die finale hawerlewering syfer nog nie bekend nie.

“Algeheel beskou het ons in 2020 vyfjaarhoogtepunte met pryse vir wintergraan bereik. Die bemerking van die 2020-oes verloop goed en volgens ons netto invoerders is daar 'n vraag na ons wintergrane,” bevestig mnr Schutte.

## SSK

By SSK is die grootste wintergraanoes in die geskiedenis van SSK vanjaar gelewer met sowat 386 000 ton in geheel, wat die vorige grootste oes met nagenoeg 12% oortref. Henk de Beer, bedryfsbestuurder, sê hulle het sowat 140 000 ton koring, 160 000 ton gars en 66 000 ton kanola ontvang. Die balans was hawer en ander voergraan.

“Met in agneming dat 2019 se oes baie swak was, was lewerings aan SSK byna dubbel die hoeveelheid van die vorige jaar. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan uitsonderlike hoë opbrengste per hektaar teenoor langtermyn gemiddeldes.

NA BLADSY 12



**Ruaan Schutte, Graan SA.**  
Foto: Verskaf.



**By Overberg Agri se silo' is dag en nag gewerk om die reuse oes in te samel.** Foto: Overberg Agri.

**Bykomende opbergingstrukture soos silosakdepots is wyd opgerig.** Foto: Overberg Agri.

# ALLEMINTIGE wintergraanoeste

VAN BLADSY 11

Ons skryf dit hoofsaaklik toe aan die kouer en meer uitgerekte wintermaande en 'n gevolglike veel later oestyd. Vir alle gewasse het die meeste produsente hul vorige rekordopbrengste per hektaar geklop."

Volgens mnr De Beer is die gehalte van die koringoes in SSK se bedieningsgebied meereendeels goed, met meer as 50% Supergraad of B1. "Ongelukkig was daar streke waar die reën in oestyd uitloop en lae valgetalle meegebring het, met gevolglike laer grade."

Sowat 40% van die garsoes in die streek is tydens oestyd deur reën beskadig en gebarste korrels het tot afgradering na voergraad en gepaardgaande laer pryse gelei, wat 'n groot terugslag vir die betrokke produsente is. Mnr De Beer bevestig dat kanola en hawer se gehalte nie deur oestydreën geraak is nie.

Hy beaam dat produsente vir die eerste keer in 'n lang tyd goeie opbrengste en goeie graanpryse in een seisoen kan waardeer. " 'n Groot deel van 2020 se oes in die Suid-Kaap is reeds bemark."

SSK se bergings- en innamefasiliteite het, volgens mnr De Beer, onder groot druk gewerk. "Die hoeveelheid natter graan en die uiteenlopende verskeidenheid in die grade wat gelewer is, het dit nie makliker gemaak nie. Tydens die leweringstydperk was daar duidelik 'n beperking aan voldoende en beskikbare vervoer. Met lang rye en stadige omdraaiyd was dit nie vir produsente 'n maklike jaar nie. Soms moes produsente weens vol silo's wag of noodgedwonge by naasliggende depots lewer.

"Ons planne met tydelike silosakdepots, tydige verwydering van surplusgraan, verskuiwing van graan tussen silokomplekse en baie lang werksure het oplossings gebied.

"In konteks was die oes sowat 50% groter as waarvoor SSK permanente opbergingsfasiliteite het. Weens die groot verskille in oesjaar-opbrengste, soos tussen 2019 en 2020, is dit nie maklik om te bepaal hoeveel nuwe infrastruktuur wat ekonomies lewensvatbaar is, geskep moet word nie," sê hy.

## Soill

Die verbetering van gemiddeld 74% in die kanola-lewerings in 2020 teenoor die vorige jaar word toegeskryf aan 'n eweredige verspreiding tussen die Swartland, Overberg en Suid-Kaap, sê Zander Spammer, bestuurder: landbouhulpbronne by Soill.

In geheel is 164 893 ton op 74 228 ha geproduseer, teenoor die 94 317 ton op 69 472 ha in 2019. Gemiddelde opbrengste het van


1,36 ton/ha tot 2,22 ton/ha verbeter. Dit is 'n groei van 64% in tonnemaat, terwyl slegs 7% meer oppervlakte daarvoor gebruik is.

Mnr Spammer sê die gehalte van 2020 se kanola-oes is baie goed. Produsente het vanjaar dan ook in ruil vir die uitermatig suksesvolle produksie die beste pryse ooit vir hierdie groeiende wintergraangewas ontvang. "Vorentoe lyk die mark sterk en goeie produsentepryse sal voortduur," sê hy.


Kanola-olie is tans, volgens Soill, baie goed geprys teenoor ander eetbare olie en die verwagting is dat die mark vanjaar se lewering goed sal ontvang.

## Overberg Agri


Johan Lusse, hoofbestuurder: graan en landboudienste by Overberg Agri, bevestig dat hulle wintergraanleweringe uit die Suid-Kaap in geheel 614 549 ton beloop het teenoor 2019 se 279 393 ton. By hul silo's in die Swartland is 115 359 ton gelewer teenoor 60 534 ton in 2019.



Grafiek 1: Die hoeveelhede graan per soort ingeneem by elk van Overberg Agri se depots in 2019 en 2020.



Grafiek 2: Vergelyking van die gehalte koring tussen 2019 en 2020 ingeneem deur Overberg Agri vir 2020.



Grafiek 3: Die kwaliteit van gars wat in 2020 by Overberg Agri gelewer is.



“Onthou dat 2019 werklik die swakste oes was in seker die laaste 15 jaar, teenoor 2020 wat in menseheugenis die beste in die Suid-Kaap was, met sowat 120% meer graan as in 2019. In die Swartland het opbrengste met sowat 91% verbeter teenoor 2019, met gemiddelde tot bogemiddelde opbrengste.”

In Overberg Agri se Suid-Kaapse leweringsgebiede was opbrengste vir koring, gars en hawer nagenoeg 1,5 ton/ha beter as die gemiddelde van die afgelope vyf jaar.

“Die kwaliteit van 2020 se koringoes was laer as die van 2019 se oes, wat die gevolg is van die bogemiddelde opbrengste. Die moutgars se gehalte was egter beter as in 2019, toe die stikstofpersentasie in die gars aan die hoë kant was. Die reën in oestyd in 2020 het aanleiding gegee dat die garskorrels gebars het en moutgars afgekeur is na voergars. Die hawer is later geoes en reën het nie die kwaliteit daarvan beïnvloed nie.”

Mnr Lusse sê 2020 se voergars-inname was 57 400 ton teenoor 2019 se 19 800 ton. Dit is 18% van die garsoes. Uitgedruk as persentasie van die totale garsoes, is die persentasie voergars in die twee jare nagenoeg dieselfde. Die voergars word as voer vir skape aangewend, deur produsente self gebruik of verkoop.

“In die afgelope twee jaar is baie moutgars wat ingeneem is, afgekeur weens latere ontkiemingsprobleme wanneer dit aan die vermouter aangebied is. Overberg Agri as opbergers neem die blootstelling aan hierdie risiko in herooring, aangesien hulle nie meer hierdie verliese kan absorbeer nie.”

Hy wys daarop dat produsentepryse vir koring, gars en hawer in 2020 sowat R300/ton beter was as in die vorige oesjaar. Die gemiddelde pryse vir kanola was sowat R1 000/ton beter as in 2019. Dit het 'n groot positiewe invloed op die winsgewendheid van graanvertakkings gehad.

In Overberg Agri se bedieningsgebied in die Suid-Kaap was meer gereelde reën en die langer koue teen die winter se einde deurslaggewend vir die formidabele oes. “Indien die Swartland net in September en Oktober nog reën kon kry, sou hulle verseker nog beter opbrengste gerealiseer het.

“Die markte vir ons koring- en kanola-oeste is goed en die pryse ook,” sê mnr Lusse. Hy beklemtoon dat die drankverbod, weens Covid-19 se grendelmaatreëls, garsverbruik baie negatief beïnvloed het.

Volgens hom het Overberg Agri se infrastruktuur, danksy wesenlike beleggings in die laaste vyf jaar, die buitengewone omvang van die allemintige wintergraanlewering redelik goed hanteer. Die rekordoes het wel sy uitdagings gehad, veral aan die einde van die oes, toe alles vol was.

## 2021 verwagtinge

Gevra wat hulle vir 2021 se wintergraanseisoen te wagte is, sê SSK dat pryse in Februarie nog op relatiewe hoë vlakke was.



**'n Baie woelige SSK Swellendam se silokompleks tydens oestyd 2020.** Foto: SSK.

“Dit is egter nog baie vroeg om oor 2021 se graanpryse te spekulereer. Ons sal die rand/dollar-wisselkoers, voorraadvlakke en internasionale verbruik moet dophou. Weens die drankverbod en die gevolge daarvan sal moutgarslewering waarskynlik minder word, wat weer kan lei tot 'n verwagte toename in kanola-, koring- en moontlik ook hawerproduksie,” sê mnr De Beer.

Ruan Schutte van Graan SA verwag dat koringproduksie in die Wes-Kaap weens hierdie rede kan toeneem. “Kanola mag moontlik ook weens hierdie rede toeneem. Hawer gaan egter dieselfde bly.”

Mnr Lusse voorsien “goeie verwagtinge met geen spesifieke bekommernisse nie. Dit is egter nog vroeg in die seisoen om nou al voorspellings te waag. Ons gebied se boerdery-aktiwiteite bly afhanklik van goeie reën om te verseker dat produsente goeie oeste realiser, ons as opbergers die graan kan inneem en opberg en verwerkers goeie gehalte produkte kan verwerk.”

Hy noem dat meeste van die finansiële voordele wat uit die goeie oeste van 2020 verdien is, in die oorlaatskuld opgeneem is van die swak oeste van 2015, 2017 en 2019 in die Swartland, en van die baie swak 2019-oes in die Suid-Kaap.

Mnr De Beer meen dat 2020 se uitstekende oeste 'n positiewe verskil aan produsente se kredietposisie gemaak het. “In die gevalle en streke waar dit nie die geval was nie, is dit kommerwekkend. Daar sal mooi besin moet word oor die redes daarvoor en oor die uitkoms van 'n normale jaar of selfs 'n ondergemiddelde jaar op hierdie boere se voortbestaan.”

Volgens mnr Schutte van Graan SA word die loon op harde werk van boere en hul personeel en van gunstiger klimaats-toestande deur faktore soos die nuwe minimumloonverhoging van 16% en duurder diesel teengewerk. “Hierdie en ander stygings gaan ekstra druk op insetkoste sit en produsente na meganisering dryf. Winsmarges in die graanbedryf gaan krimp,” aldus mnr Schutte. 📉

**Tabel 2: Kanola se groei van 74% tussen 2019 en 2020 te danke aan die Overberg, Suid-Kaap en Swartland.**

Streek	2019			2020					
	Ha	Ton	T/ha	Ha		Ton		T/ha	
Overberg	22 760	30 857	1.36	22 343	↓ 3%	54 060	↑ 75%	2.42	↑ 78%
Suid-Kaap	26 427	33 956	1.28	29 430	↑ 11%	66 648	↑ 96%	2.26	↑ 76%
Swartland	20 185	29 232	1.45	22 415	↑ 11%	44 024	↑ 50%	1.96	↑ 36%
Binneland	101	273	2.71	40		162		4.05	
<b>Totaal</b>	<b>69 472</b>	<b>94 317</b>	<b>1.36</b>	<b>74 228</b>	<b>↑ 7%</b>	<b>164 893</b>	<b>↑ 74%</b>	<b>2.22</b>	<b>↑ 64%</b>



**1. Translaminêre beweging** vanaf die oppervlak van die blaar deur die selle na die teenoorgestelde kant van die blaar



**2. Sistemiese beweging** in die xileem beskerm blare wat nog nie uitgekroem het nie



**3. Optimale bedekking en beskerming** van nuwe groei word verseker deur herverspreiding deur die lug

## Acanto<sup>®</sup> 250 SC

FUNGICIDE

 **CortevaZA** op Facebook

 **CortevaAME** op Twitter

 **@Corteva** op Instagram

### UNIEKE SIEKTEBEHEER IN GARS EN KORING DEUR DRIELEDIGE BEWEGINGSEIENSKAPPE

'n Breëspektrumswamdoder wat deur die plant vervoer word deur middel van xileem-sistemiese en translaminêre verspreiding, sowel as gasaksie.

Dien voorkomend toe of met eerste tekens van siekte vir beste resultate.

Verbeterde stikstofmetabolisme en inhibering van etileenbiosintese lei tot vertraagde veroudering van gewas en die behoud van groen loofarea.

**VIR MEER INLIGTING KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER:** DuPont de Nemours South Africa (Edms) Bpk • **Plaaslike noodnommer:** +27 (0) 82 895 0621 (Slegs SA) **24-uurnoodnommer:** +32 3 575 5555 • Blok B, 1<sup>ste</sup> Vloer, Whiteleyweg 34, Melrose Arch, Suid-Afrika

**GEBRUIK ALTYD VOLGENS AANBEVELINGS OP DIE ETIKET** • Acanto<sup>®</sup> 250 SC bevat picoxystrobin (Versigtig) | Reg. No. L8233 | Wet No. 36 van 1947 • <sup>™</sup> <sup>®</sup> Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2021 Corteva.





# South Africa ranked high in food security

South Africa has ranked the highest in food security out of 28 countries in Sub Saharan Africa (SSA), according to the new global food security index (GFSI) report.

**T**HE GLOBAL FOOD Security Index, sponsored by Corteva and produced by the economist intelligence unit (EIU), the research and analysis division of The Economist Group, measures the drivers of food security in 113 developing and developed countries. It is based on the core factors of food affordability, availability, quality and safety, alongside natural resources and resilience.

This year, the GFSI formally includes Natural Resources and Resilience as a fourth main category. This addition marks a significant shift in methodology, revealing food systems' resiliency against climate change.

Using a new methodology, South Africa's global ranking, however, fell from 67th to 69th out of 113 countries. The lack of effective food safety net programmes has been a main driver of this decrease, as well as the increasing costs of food.

South Africa received strong scores in seven indicators, achieving 94,3 points for the country's food safety – which includes national nutrition plans, dietary diversity and guidelines, nutritional monitoring and access to drinking water – and the presence of food 'safety net' programmes (public initiatives that protect the poor from food-related shocks). When it comes to quality and safety of food, which remains a challenge in SSA, South Africa ranked number one, while in affordability and availability it came in second and ninth positions respectively.

"The demand, not just for more food

but more nutritious food, is growing by the day. And yet, farmers who feed all of us are asked to grow significantly more with fewer resources," said Tony Esmeraldo, business director for Corteva Agriscience in South Africa. "Food security is declining and everyone must recommit to building resiliency in agriculture through innovation and collaboration."

Although South Africa fared better than other countries in SSA, food inadequacy and hunger is still a challenge.

The COVID-19 lockdown restrictions have ravaged many industries with those living below the poverty line desperate for food. Farmers, mainly smallholders, also suffered a significant loss of income as lockdowns prevented market access and interrupted the planting season, according to the report.

"Despite the challenges posed, in particular by the pandemic, South Africa's regional ranking comes as no surprise. The country's agricultural sector is globally competitive and tremendously resilient. The political leadership was also keenly aware of the need to protect livelihoods and pulled out the stops to cushion the economic blow brought on by COVID-19, for example by providing direct cash payments to citizens that contributed to food security," says Herman Warren, Africa Director at The Economist Corporate Network.

On a global level, the 2020 Global Food Security Index report shows an overall decline in food security. This comes



after seven years of consistent improvement. The global pandemic has starkly exposed the strengths and vulnerabilities of the food supply system, revealing the role of persistent inequality in driving food insecurity.

SSA countries recorded the weakest average performance across all regions examined in the latest GFSI report. Rising food prices were the main factor driving deterioration in the overall food security environment. Along with persistently high levels of poverty, the region has experienced significant food price volatility in the past decade. However, food availability has improved.

"Food security will require significant investment in research and development to increase the production potential of South African farmers, new technologies and adoption of more sustainable farming practices and the development and adoption of digital platforms to manage and use data to make better decisions across the food chain," says Esmeraldo. ♡

## Leadership at Agbiz Grain

**JERRY MARITZ OF** Afgri was re-elected as chairman of the Agricultural Business Chamber's grain division, Agbiz Grain, and Tom Meintjes of TWK as vice-chairman. The elections took place during a steering committee meeting held in February, 2021. Barnie de Klerk of TWK and Awie Kriel of Kaap Agri were elected to serve on the Agbiz Grain executive committee. ♡





# LIMAGRAIN ZAAD SOUTH AFRICA KORINGKULTIVARS VIR DROËLAND EN BESPROEING

Limagrains Zaad SA se droëlandkoringkultivars sluit 'n verskeidenheid van opsies in. Elands, Senqu en Matlabas wissel in terme van groeiperiode, groeiseisoen, strooierkte en uitloopweerstand.

In die Vrystaat en Noordwesprovinsie word Matlabas hoofsaaklik, met groot sukses, vanaf middel Mei tot ongeveer middel Junie vir graanverbouing aangeplant. Daarna volg Senqu, 'n sogenaamde 'oorbruggingskoring', wat korter is as Matlabas, maar 'n langer groeiperiode het as Elands.

In die noordelike gedeeltes van die Oos-Kaap plant produsente reeds vroeg in die herfs hoofsaaklik koring vir groenweiding, wat dan deur die wintermaande benut word. Hier speel Matlabas 'n groot rol omdat dié gewas 'n hoë kouebehoefte het voordat dit na die aarstadium sal oorgaan.

Limagrains Zaad SA se besproeiingskoringkultivars is Duzi, Kariega, Koedoes en Renoster. Beide Duzi en Kariega word met groot sukses in die Limpopoprovinsie, vanaf middel Januarie tot einde Februarie, op die Springbokvlakte as sogenaamde somerkoring op droëland geplant.

Koedoes is 'n ultra-vinnige holstambesproeiingskultivar met 'n baie hoë opbrengs en presteer uitstekend in die warmer besproeiingsgebiede, sowel as in die koeler sentrale besproeiingsgebiede.

Renoster is 'n kort, vinnige besproeiingskultivar met 'n baie hoë opbrengs. Dis 'n kultivar wat ook goed presteer in die warmer besproeiingsgebiede, sowel as in die koeler sentrale besproeiingsgebiede.

Renoster is veral geskik vir produsente wat ná koring minimum- of geen bewerkingspraktyke wil toepas, aangesien die variëteit 'n semi-dwerg holstamkoring is, met 'n baie kort stingel en min vegetatiewe materiaal.



## Limagrains Zaad SA Streekbestuurders

<b>Lambert Blom</b>	Limpopo / Gauteng / Mpumalanga	082 786 6875	lambertus.blom@limagrains.com
<b>Jan Cilliers</b>	KwaZulu-Natal / Oos-Vrystaat	082 449 1498	jan.cilliers@limagrains.com
<b>Louis Pearson</b>	Noordwes / Vrystaat	079 079 5857	louis.pearson@limagrains.com
<b>Gert Els</b>	Oos- / Suid- / Wes-Kaap	082 413 9728	gert.els@limagrains.com
<b>Willa Rossouw</b>	Namibië / Lesotho / Eswatini (Swaziland)	066 299 9350	willa.rossouw@limagrains.com
<b>Wessel van der Merwe</b>	Noord-Kaap / Suid-Vrystaat / Noordoos-Kaap	082 883 9246	wessel.vandermerwe@limagrains.com

## Limagrains Zaad SA Tegnieese Span

<b>Fanie Yssel</b>	Landboukundige	083 225 3122	fanie.yssel@limagrains.com
<b>Wiekie Vogel</b>	Landboukundige	082 824 4326	wiekie.vogel@limagrains.com
<b>Brett Muirhead</b>	Landboukundige	082 824 5442	brett.muirhead@limagrains.com

[www.lgseeds.co.za](http://www.lgseeds.co.za)





# Die voorkoms van ergot in raaigras

Raaigras is lank reeds bekend as 'n probleemmonkruid in die Wes-Kaap. Uitgroeisels daarop is as die swam ergot geïdentifiseer wat tot vergiftiging van vee en selfs mense kan lei.

**Hestia Nienaber**

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

**R**AAIGRAS (*LOLIUM SPP.*) IS 'n problematiese grasonkruid wat oorspronklik net in die Wes-Kaap aangetref is. Gedurende die afgelope jare het dit egter na verskeie ander provinsies versprei. Raaigras kom in verskeie gewasse, wingerde en boorde voor.

Raaigras kom in groot hoeveelhede in kleingraan voor en omdat dit weerstandbiedend is teen verskeie onkuiddoders, is die onkruid in staat om massas saad in die saadbank te stort, wat in die volgende seisoen tot groter hoeveelhede raaigrasplante lei.

Gedurende 'n opname oor raaigras in die Wes-Kaap is verskeie raaigrasplante waargeneem wat swart "uitgroeisels" op die are het. Wat opvallend was, was dat dit lokaliteit-gebonde was en dat nie alle raaigrasmonsters hierdie "uitgroeisels" gehad het nie. By nadere ondersoek en na raadpleging met ander navorsers, is vasgestel dat die "uitgroeisels" as ergot bekend staan.

## Wat is ergot?

Ergot (*Claviceps purpurea*) is 'n swam wat op die are van rog en verwante graan en weidingsgewasse voorkom. Indien van die ergot- besmette graan of sade ingeneem word, kan dit tot ergotisme in mense lei, asook by ander soogdiere. Ergotisme kom egter net voor na langtermyn-blootstelling aan ergot-vergiftiging.

Die eerste uitbraak van ergotisme in beeste in Suid-Afrika is in die laat 1980's

gerapporteer. Dit is in die Wes-Kaap aangeteken toe wilde raaigras, besmet met *C. purpurea*, in beesvoer voorgekom het (Claassen, 1995; Schneider *et al.*, 1996).

Ergotisme kan voorkom as stuiptrekkings of gangreen. Stuiptrekkings kan insluit epileptiese aanvalle, spasmas, diarree, psigose, naarheid en braking. Die gangreen is as gevolg van sametrekking van die are, wat die bloedvloei na ledemate verminder, veral by die vingers en tone.

Ergot kom meestal op spesies voor wat uitkruis, soos rog, tritikale, koring en gars. Ergot-infeksies kan 'n afname in die opbrengs en kwaliteit van graan en hooi veroorsaak. Die voorkoms van ergot kan gekoppel word aan koel, nat weer wat gedurende graan se blomproses van voorkom.

## Beheer

Ergot- besmette lande moet diep geploeg word, omdat ergot nie kan ontkiem indien dit dieper as 5 cm begrawe word nie. Dit voorkom dat spore in die lug kan versprei. Gewasrotasie met nievatbare gewasse kan ook help om die ergot te beheer, aangesien ergot-spore net een jaar oorleef.

## Samevatting

Hoewel ergot tans net in sommige gebiede voorkom, is dit belangrik om kennis te neem van die voorkoms daarvan, veral waar gebaal word en raaigras in die hooi kan beland. Ergot-vergiftiging is tans nie 'n probleem by mense nie, maar daar moet tog gewaak word teen die toename van ergot in kleingraanlande.



Normale raaigras-aar.



Raaigras-aar met ergot.

## Verwysings

- CLAASSEN, J. 1995. Koeie vrek van eeu-eue gif. Landbouweekblad 897: 38-39.
- SCHNEIDER, D.J., MILES, C.O., GARTHWAITE, I., VAN HALDEREN, A, WESSELS, J.C. & LA TEGAN, H.J. 1996. First report of field outbreaks of ergot-alkaloid toxicity in South Africa. Onderstepoort Journal of Veterinary Research 63: 97-108. ♡

# Yield competition continued, expanded to include wheat

Following on the success of the first Grow for Gold National Yield Competition hosted by Grain SA last year, the organisation announced the launch of the 2021 competition.

**FORMAL YIELD CONTESTS** provide, according to a statement by Graan SA, an estimate of yield potential under similar conditions, for a specific region, motivating producers to achieve outstanding results, receive recognition for new and ground-breaking farming practices and reward innovation.

In Grain SA's endeavour to promote sustainable and profitable grain production, the 2021 Grow for Gold Competition will further highlight the actual potential growth that innovative production practices can achieve. Crop yield is an important metric to understand, as it assist with understanding food security and can explain why a crop's cost can fluctuate year-on-year. In addition, there is still a massive gap between the genetic potential of crops and what is actually realised in the field.

Together with all seed companies, the competition protocol has been further refined to ensure the assessment of all participating producers, from small-scale to commercial, under the same stringent criteria.

Wheat farmers will have something to look forward to and will have the opportunity during the 2021 season to compete in the 2022 yield competition. More information will be available as the wheat planting season nears.

Grain producers compete in 16 categories, including dry and irrigated land, both regionally and nationally, aiming to achieve the highest yields per hectare, regardless of the cultivar planted. Pioneering production practices and inventive farming are vital in achieving record-breaking yields.


The success stories of the 2020 Grow for Gold winners has not been all about high plant populations or inputs, but focussed on producers who identified and mitigated yield limiting factors specific to their individual fields.

Grain SA is looking forward to once again partner with seed companies, who in turn engage, encourage and assist their farmers to achieve outstanding yields with what they have, compared to the rest of the world. From unsubsidised commercial farmers to small-scale farmers with limited resources – South African grain producers still produce outstanding good yields. Grain SA will utilise the Grow for Gold platform to give producers the opportunity for continuous learning and improvement in order to establish what can be achieved.

More importantly this platform provide SA's top producers with the opportunity to share their success stories, to teach others in order to duplicate these outstanding yields across South Africa where possible.

"The economy of grain production and optimal level of profitability still remain one of the most important factors for the organisation, and this platform will delve somewhat deeper into statistics concerning the record yielding crops to further promote the efficiency and sustainability of grain producers," Dr Dirk Strydom, Grain SA's Manager: Grain Economics and Marketing, said.

Producers can obtain information about the Grow for Gold National Yield Competition from the website at [www.groei-virgoud.co.za](http://www.groei-virgoud.co.za) or from their seed company. 🌱



Hierdie verskafde foto van 'n Agrico-spilpunt is op die Petrusburg-pad geneem, naby Bloemfontein, van waar Hans Andrag lank gewerk het.

## Hans Andrag van Agrico oorlede

**DIE TOERUSTING-** EN besproeiingsvervaardiger Agrico se mede-besturende direkteur, Hans Dieter Andrag (77), is op 3 Februarie 2021 oorlede. Volgens 'n verklaring deur Agrico was Hans 43 jaar lank in Agrico se diens en het hy 'n sleutelrol gespeel in die opbou en sukses van die besigheid. Hy het in 1968 by Agrico op Lichtenburg begin werk. As mede-besturende direkteur was hy onder meer verantwoordelik vir die finansies en administrasie, asook Agrico se handelstakke. Hans het in 2011 as direkteur van Agrico afgetree. Hy laat sy vrou, Elsa, vyf kinders en sewe kleinkinders agter. Sy een seun, Alfred, is Agrico se bemarkingsdirekteur. 'n Privaat gedenkdiens is vir hom gehou. 🌱



# 'N OSEAAN VAN VOORDELE

**AFRIKELP™ BIOSTIMULANTE**  
bevorder groei, kwaliteit en opbrengs.

**Waar land en water ontmoet ... daar lê 'n oseaan van voordele.**

**Afrikelp** het met die natuur kragte saamgespan om vir jou 'n natuurlike oplossing vir verbeterde landbouprestasie te bring. Ons vloeibare seewierekstrak is wetenskaplik ontwikkel om noodsaaklike komponente te behou wat opbrengs en gewaskwaliteit verbeter en weerstand bied teen omgewingstresfaktore. Bou 'n vennootskap met 'n maatskappy wat die voordele van die oseaan benut tot die voordeel van jou boerdery.

**Bou 'n vennootskap met Afrikelp.**



**Mengbaarheid:** Afrikelp is mengbaar met 'n wye verskeidenheid ander landbouprodukte.



**Grond:** Verbeter die groeikragtigheid van saailinge deur middel van direkte toediening in die wortelsone.



**Volhoubaarheid:** Ons vloeibare seewierekstrakte word geproduseer van seegras wat op 'n volhoubare wyse geoes word.



**Groei:** Afrikelp se unieke samestelling van natuurlike biostimulante, hoofsaaklik oksien, stimuleer die groei van wortels, spruite en vrugte.



**Plant:** Kan direk op plante toegedien word deur middel van blaarsprei.



**Dinamies:** Verbeter die dinamiese biochemiese prosesse in die plant vir optimale plantselontwikkeling.



**Kelp:** Die unieke Suid-Afrikaanse kelp, *Ecklonia maxima*, verbeter groei-eenvormigheid en bevorder gewasproduksie.

Het jy al die krag van die natuur aangewend?

**Gesels met ons vir meer inligting.**

**+27 21 551 3556**

[www.afrikelp.com](http://www.afrikelp.com)



Elim is 'n eksklusiewe verspreider van **Afrikelp**-produkte. Kontak jou naaste verkoopsverteenwoordiger by **012 252 4455**

## GRAAN SA STREEKVERGADERING VIR WINTERGRAAN

# Lede bespreek oorskot gars, finansies en heffings

HIERDIE VERSLAG IS SAAMGESTEL VOORDAT GRAAN SA SE KONGRES OP 3 EN 4 MAART 2021 PLAASGEVIND HET EN BERUS OP BESPREKINGS BY DIE AANLYN-STREEKVERGADERING VIR WINTERGRAANPRODUSENTE.

Benewens 'n aankondiging dat Jannie de Villiers as hoofbestuurder van Graan SA (GSA) gaan uittree, het besprekings by die aanlyn-streekvergadering vir wintergraan gehandel oor onder meer die groot voorraad gars, GSA se finansiële posisie en verwickelinge rondom die Wintergraantrust. Afsonderlike streekvergaderings is vir winter- en somergraan gehou, ter voorbereiding van Graan SA se 2021 kongres wat vroeg in Maart 2021 ook vir die eerste keer aanlyn aangebied is.

**W**EENS COVID-19 SE inperkingsregulasies wat tot die afstelling van onder meer die Nampo Oesdag gelei het, het Graan SA inkomste van nagenoeg R17 m verloor. Om dié verlies te verminder vra die hoofbestuur 'n eenmalige en vrywillige produksieheffing van R1,50 per ton graan van sy lede. Dié voorstel is met 'n meerderheid van meer as 80% deur die volledige kongres aanvaar. Die Covid-19-heffing kan die organisasie se reserwers met ongeveer R10 m aanvul.

Inkomste uit die Oesdag help onder meer om die ledegedehffing aan te vul, waarmee 'n verskeidenheid dienste aangebied en aktiwiteite uitgevoer word. Lidmaatskap gee volgens mnr Jannie de Villiers, uitvoerende hoof van GSA, onder meer 'n mandaat aan die organisasie om namens graanprodusente te onderhandel, om hulle in verskeie organisasies te verteenwoordig en om na die graanprodusente se belange om te sien.

Wat kommoditeitsheffings by graan betref, is die enigste oorblywende statutêre heffing slegs vir die SA Agentskap vir Kulturele en Tegnologie-ontwikkeling (SACTA) van toepassing. Dit beteken graanprodusente befonds hulle eie dienste, soos navorsing, vrywillig en dat die staat minder houvas op die fondse het.

Met betrekking tot die regering se meesterplan vir landbou is daar baie landboubedrywe wat beplanning doen en met die regering moet saamwerk, maar daarvoor is wedersydse vertroue nodig, het mnr De Villiers by die streekvergadering gesê. Wanneer 'n besluit soos die onlangse vasstelling van minimumlone geneem word en sake voor die Zondo-kommissie geopenbaar word, daal produsente se vertroue tot op 'n laagtepunt en moet hulle op hulle tande byt.

## Kopsere met groot garsoes

Saam met die prestasie van 2020 se rekordgarsoes het daar ook probleme ontstaan vir produsente en die enigste aankoper, SAB. Dit is vererger deur die beperking van drankverkope weens Covid-19 wat die aanvraag vir vermouting verminder het.

Uitvoer van die oorskotvoorraad voergars is volgens dr Dirk Strydom, bestuurder van graanekonomie en -bemarking by GSA, 'n moontlikheid wat ondersoek word. Na aanleiding van 'n tender vir voergars in Saoedi-Arabië het GSA se ontleders bevind dat die prys wat produsente sou ontvang weens uitvoerpariteit ongeveer dieselfde sou wees as wat plaaslik verkry kan word. Boonop vereis die tender 'n veel groter hoeveelheid voergars as wat Suid-Afrika kan voorsien.

Mnr De Villiers het verwys na die moontlikheid om gars of mout na Afrikalande te kan uitvoer. Dié geleentheid word deur die nuwe vryhandelsooreenkoms van Afrikalande geskep.

'n Produsent van Riviersonderend, Schalk Vijoer, het gesê produsente is onbillik gepenaliseer omdat die bedryf te veel moutgars het. "Dit is die eerste keer dat 'n leemte ontstaan omdat te veel moutgars geproduseer is. Ons probeer moutgars produseer, nie voergars nie."

Ook Jacques Bester van die Swartland het sy teleurstelling uitgespreek omdat hulle garslewering aan die enigste koper verminder is, veral omdat meer as 90% van die Swartland se lewering moutgehalte was.

Jose de Kock van GSA se garswerkgroep het gesê hulle is dankbaar vir die mandaat van sowat 269 000 ton wat vir die nuwe seisoen toegeken is. Dit is volgens mnr De Villiers nogtans "hartseer" dat die biermaatskappy Heineken nie met vermouting wil voortgaan nie. Produsente wil graag nog 'n koper vir gars hê.

Mnr De Villiers het gesê solank daar nie 'n mark vir surplusgars is nie, sal daar probleme wees. 'n Ander moontlikheid wat geopper is om gars se situasie te verbeter, is hoër koringproduksie en die koringprys.

Andries Theron, voorsitter van Sacta en leierkleingraanboer van die Wes-Kaap, het gesê met die hulp van saadmaatskappye se tegnologie en verhoogde koringopbrengste kan koringproduksie se winsgewendheid nader aan dié van gars beweeg. Koring het 'n opbrengsagterstand teenoor gars wat met taling ingehaal kan word. Wanneer gars en koring se winsgewendheid nader aan mekaar is, behoort dit die druk op gars te verminder.

Die liggingsdifferensiaal wat veral koringprodusente in die Wes-Kaap benadeel, is steeds op GSA se sakelys. Mnr De Villiers glo die betrokkenes is met behulp van onafhanklike navorsing aan die Universiteit van die Vrystaat redelik naby aan 'n oplossing om 'n korrekte berekening, balans en regverdige stelsel te kry.

Richard Krige, ondervoorsitter van Graan SA, het met verwysing na die Wintergraantrust gesê produsente moet nou hulle eie lot bepaal. Die hoogste vlak van voortgesette navorsing is 'n prioriteit. Die instelling van 'n alternatiewe bedryfstrust en vrywillige bydraes van produsente om dit te befonds, is noodsaaklik vir voortgesette navorsing en vir inligtingsvoorsiening, soos deur die SA Graaninligtingsdiens. ♡



# beperk risiko teen droogte

Boer slim met AgriClime™, die nuwe oplossing wat jou Syngenta® aankope beskerm in tye van droogte tydens die groeiseisoen met 'n kontant terugbetaling.\*

Gemoedsrus, die Slimboer manier.



[www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)



**AgriClime™**

**syngenta®**

\*Bepalings en voorwaardes geld.  
AgriClime™ is onder registrasie van Syngenta Groepmaatskappy.  
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk. Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)  
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA



# Kan dekgewasse help met onkruidbeheer?

Het dekgewasse 'n invloed op onkruid in die groeiseisoen en op koring in die daaropvolgende seisoen? Kan dekgewasse se natuurlike chemiese verbindings tot beter onkruidbeheer bydra?

**Jan Greyling**  
MEDEWERKER

**in samewerking met Charné Viljoen**

PHD STUDENT: UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



**Charné Viljoen is 'n PhD student aan die Universiteit van Stellenbosch met haar fokus op maandelike kostebesparing vir boere wat dekgewasmengsels optimaal benut om onkruid te onderdruk.** Foto: Verskaf

**O P SOEK NA MEER** geïntegreerde metodes van onkruidbeheer, waar produsente nie net op onkruidodders hoef staat te maak nie maar verskillende bestuursopsies het, ondersoek Charné Viljoen van die fakulteit Agriwetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch, in samewerking met die Wes-Kaapse departement van landbou, verskillende dekgewasmengsels se uitwerking op onkruid in verskillende streke.

“Ons ondersoek ook die potensiële allelopatiese effekte van die verskillende dekgewasmengsels,” sê me Viljoen. Allelopatie is biochemiese verbindings wat deur een organisme geproduseer word, en 'n invloed op die lewe en ontwikkeling van ander organismes het. Soms kan allelopatiese verbindings 'n chemiese remmer wees wat moontlik as insekweerder of moontlik as 'n onkruidweerder dien, terwyl ander weer 'n groeistimulant kan wees.

Me Viljoen verduidelik haar studie: “Ek het tien verskillende dekgewasmengsels, 'n ongeplante kontrole (onkruidperseel) en 'n koringkontrole. Hierdie dekgewasmengsels word op vier geografiese verskillende proefpersele geplant – twee in die Suid-Kaap by Riversdal en Riviersonderend, en twee in die Swartland by Langgewens en Hopefield.”

Voordat die dekgewasse geplant is,

het sy die plantgebied met onkruidodder skoongemaak sodat alle dekgewasse 'n gelyke kans het om op te kom. Daarna is geen middel weer gedurende die seisoen gebruik nie. Die dekgewasse het ook geen kunsmis ontvang nie.

## Lig en stikstof se mededinging

“Gedurende die seisoen ondersoek ons hoe die dekgewasse vir lig en stikstof in die grond met die onkruid meeding en bepaal hoe dit onkruid groei beïnvloed. Ons het lig en stikstof op 35, 70 en 105 dae ná dekgewasopkoms bepaal,” sê sy. Me Viljoen bepaal aan die einde van die seisoen die biomassa van beide die onkruid en die dekgewasse.

Ligonderskepping word deurlopend met 'n Ceptometer gemeet. Dit is 'n draagbare, liggewig, battery aangedrewe instrument van omtrent 'n halwe kilogram.

Hoewel die Ceptometer talle aanwendings het, word dit in hierdie navorsing slegs gebruik om te bepaal hoeveel van die son se fotosintetiese aktiewe uitstraling die grondoppervlakte bereik. Die fotosintetiese aktiewe uitstraling is die hoeveelheid lig wat aan plante vir fotosintese beskikbaar is. Deur die hoeveelheid lig te bepaal wat die grondoppervlakte deur die dekgewasse se blaredak bereik, kan gemeet

Voorbeeld van perseel met 'n grondmonster in die bruin papiersakkie. Foto: Verskaf

'n Voorbeeld van hoe behandeling 3 in die veld lyk. Foto: Verskaf




word wat vir die onkruid beskikbaar is om te ontkiem en op verskillende tye deur die seisoen te groei.


**Persentasie groen om blaredak te kwantifiseer**

Aanvullend hiertoe meet me Viljoen die persentasie groen van die dekgewasse se blaredak. Die navorsers kry 'n aanduiding van hoe vinnig die dekgewasse lig onderskep sodat die onkruid nie geleentheid het vir ideale ligomstandighede om sodoende effektief te ontkiem en te groei nie. "Die persentasie groen by omtrent al die persele het vanaf 70 tot 105 dae na opkoms gedaal. Dit kan toegeskryf word aan die grane in die mengsels wat ryp begin raak en verkleur. Dit het natuurlik 'n laer persentasie groen tot gevolg."


NA BLADSY 24



**Figuur 1:** Botaniese samestelling (%) en die droëmateriaalproduksie (DM) van dekgewasmengsels aan die einde van die seisoen by Riversdal se proefperseel.



**Figuur 2:** Botaniese samestelling (%) en die droëmateriaalproduksie (DM) van dekgewasmengsels aan die einde van die seisoen by Tygerhoek se proefperseel.



**Figuur 3:** Botaniese samestelling (%) en die droëmateriaalproduksie (DM) van dekgewasmengsels aan die einde van die seisoen by Hopefeld se perseel.



'n Voorbeeld van hoe behandeling 5 in die veld lyk. Foto: Verskaf



'n Voorbeeld van koring wat gefraksioneer is vir botaniese samestelling. Foto: Verskaf



# Kan dekgewasse help met onkruidbeheer?

VAN BLADSY 23


## Stikstof

Minerale stikstof (N) – ammonium en nitraat – is plantbeskikbare stikstof. Op 35 dae ná die dekgewas se opkoms was die minerale stikstofinhoud die hoogste en dié tendens is by al die persele sigbaar. Teen terminering was die minerale N laer as vroeër in die seisoen, wat verwag word omdat die dekgewasse groei en stikstof daarvoor benodig.

Ongelukkig was al die stikstofontledings nog nie met die skryf van hierdie artikel beskikbaar nie. Langgewens se stikstofdata was wel volledig. In die koringjaar, wat op die dekgewasjaar gevolg het, was dit interessant om te sien dat die onkruidkontrolle (behandeling 10) die minste plantbeskikbare stikstof in die grond gehad het. Hoewel die studie op dekgewasse se invloed op onkruid fokus, is die stikstofdata 'n bykomende voordeel. Dit toon aan produsente hoeveel stikstof beskikbaar gemaak (gemineraliseer) word weens die soort dekgewasmengsel wat geplant is. Dit kan lei tot moontlike chemiese kunsmisbesparings.

## Dekgewas-biomassa

Vorige navorsing (MacLaren *et al.*, 2019) het gewys dat dekgewasse se biomassa baie belangrik is vir onkruidonderdrukking. Dit is ook in hierdie navorsing gevind. By Tygerhoek was die persentasie wat onkruid bygedra het tot die totale biomassa-produksie (onkruid ingesluit) baie hoër as by die ander plekke, waar die biomassa-produksie



aansienlik laer was. By Tygerhoek was die maksimum biomassa-produksie ongeveer 2 t ha<sup>-1</sup>, terwyl die biomassa-produksie van al die ander persele (uitgesluit die onkruidkontrolle – behandeling 10) 'n minimum van 4 t ha<sup>-1</sup> bereik het. Hierdie data is in 2019 versamel, wat 'n baie droë groeiseisoen was, veral op Tygerhoek.

## 2021-fokus: koring


Me Viljoen sê haar navorsing fokus vanjaar op koring wat volg op die dekgewasse.

“Ek gaan ondersoek hoe die dekgewasmengsels die koring se onkruidonderdrukking, opbrengs en gehalte beïnvloed. Verder word die allelopatiese impak van die dekgewas materiaal in potproewe en in petribakkies ontleed om antwoorde te kry op vrae rakende allelopatie en onkruidonderdrukking.”


Die projek is nou twee jaar aan die gang. “My hoop is om vas te stel water mengsels die beste presteer – met onkruidonderdrukking en opbrengs, asook voordelige effekte op koring in die volgende jaar – in die verskillende streke. Die bevinding kan moontlik vir produsente 'n besparing op onkruidoderuitgawes tot gevolg hê,” sê sy.

## Verwysing

MacLaren C, Swanepoel P, Bennet J, *et al.* (2019) Cover Crop Biomass Production Is More Important than Diversity for Weed Suppression. *Crop Sci* 59: 733-748. <https://doi.org/10.2135/cropsci2018.05.0329>



Figuur 4: Botaniese samestelling (%) en die droëmateriaalproduksie (DM) van dekgewasmengsels aan die einde van die seisoen by Langgewens se proefperseel.



Figuur 5: Totale minerale stikstof (N) in die grond in die opvolgende jaar voor die plant van koring by Langgewens se proefperseel.



# “OOM” vir effektiewe onkruidbeheer



Skandeer die QR kode  
vir meer inligting op  
**CLASS ACT NG**

- Deur Louis Reynolds & De Wet Du Toit, Villa Crop Protection

Onkruidbespuitings as 'n geheel, maar veral voor seisoen in grane vir die beheer van hardnekkige onkruid, is 'n praktyk wat die fondasie vir die seisoen vorentoe lê. Hierdie bespuitings is noodsaaklik, met die hoofdoel om opslag gewasse en onkruid wat na-oes ontkiem en ontwikkel het, te beheer. Sodoende word daar 'n skoon saadbed vir planttyd geskep asook die beperking van onkruidsaadneerlegging vir die volgende seisoen. So ontstaan die tema; **BEGIN SKOON, BLY SKOON!!**

Ongelukkig ervaar produsente verskeie uitdagings met een van die belangrikste bespuitings, naamlik voor-plant onkruidbeheer. Daar is verskeie aspekte wat die effektiwiteit van hierdie bespuitings belemmer, maar indien hierdie faktore aangespreek word, is effektiewe beheer moontlik. Hierdie faktore word in drie hoofkategorieë verdeel: Onkruid, Omgewing en Mengsel, of dan... **“OOM”**. Glifosaat is een van die hoof aktiewe bestanddele vir meeste van hierdie bespuitings.

**“Onkruid”** ouderdom (grootte en fisiologie) is baie belangrik. 'n Kniehoogte onkruid wat reeds in blom is en 'n sterk wortelstelsel het, gaan moeilik of dalk glad nie beheer word nie, waar 'n klein onkruid op vierblaar stadium met swak wortelontwikkeling, maklik beheer gaan word. 'n Rede hiervoor is die afstand wat die produk tot by die teiken van werking moet translokeer, wat baie verder met groter onkruid is. 'n Jong onkruid in vierblaar stadium se translokasie tempo is meer effektief, daarom kom die produk maklik en in groter hoeveelhede by die teiken van werking aan. Ouer onkruid besit ook gewoonlik 'n harder en dikker kutikula (waslagie), meer hare op die blaar asook stof wat moeilik deurdring word. Hierdie is nie noodwendig die geval met jonger onkruid nie.

**“Omgewing”** verwys na klimaatstoestande. Humiditeit, temperatuur, wind en vog (te veel of te min) is van grootste redes waarom baie bespuitings oneffektief is. Wanneer verdamping, druppel afspat asook verlaagte opname weens vog stres plaasvind, is 'n groot gedeelte van die bespuiting reeds in gevaar. Een aspek wat hierdie omgewingsfaktore gedeeltelik kan oorkom, is deur die watervolume van die bespuiting te verhoog om sodoende meer druppels op teiken te kry. Reën kan ook die produk afwas, veral as dit binne 'n sekere tyd na toediening plaasvind.

**“Mengsel”** verwys na wat met die tenkmengsel gebeur. Hierdie is een van die enigste faktore wat deur die mens beheer kan word, maar dit word dikwels oorsien. Maak kundige besluite oor spuitmengsels wat biologiese of fisiese antagonisme tot gevolg kan hê en 'n gedeelte van die produk kan deaktiveer. pH en antagonisme van katione in spuitwater is belangrik. Let ook daarop dat sommige produkte teen 'n lae pH en sommige teen 'n hoë pH toegedien moet word. Dit is immers dikwels nie nodig om

met sekere onkruidodders die pH te buffer nie. Wat wel belangrik is, en veral met glifosaat, is om altyd 'n spuitgehalte ammoniumsulfaat by te voeg om die katione in die spuitwater en op die blaar te bind. Die belangrikste antagonistiese katione in Suid-Afrika is  $\text{Ca}^{2+}$ ,  $\text{Mg}^{2+}$  en  $\text{Na}^+$ .  $\text{Na}^+$  vlakke kan uiters hoog in die Wes-Kaap wees!

Vir glifosaat om effektief te werk moet al die bogenoemde faktore gunstig wees om te verseker dat die produk beskerm word vandat dit in die tenk gevoeg word totdat dit op die plant beland. Verder, is opname van glifosaat van uiterste belang.

Ons stel dus voor dat **CLASS ACT NG**, 'n gepatenteerde byvoegmiddel met die bekende CornSorb-tegnologie met verbeterde en verlengde opname, gebruik word. **CLASS ACT NG** bevat ook 'n hoë kwaliteit nie-ioniese benatter asook 'n volle dosis ammoniumsulfaat.

Elkeen van die drie eienskappe van **CLASS ACT NG** lewer 'n bydrae op elke **“OOM”** gebied.

1. Die nie-ioniese benatter is verantwoordelik vir die verlaging van oppervlaktespanning van die spuitdruppel. Spuitdruppels is dan minder geneig om van die blaar af te spat. Verder veroorsaak dit druppels wat effektief op die blaaroppervlak versprei om struikelblokke soos harige oppervlaktes en stof te oorkom. Dit speel dan verder 'n aktiewe rol met glifosaat opname.

2. CornSorb tegnologie is 'n hoë fruktose meliestroop wat as 'n herbenatter dien. Deur CornSorb te gebruik, word druppels vir 'n langer tydperk vogtig gehou met die gevolg dat onkruidodders meer tyd vir optimale opname het, veral onder lae humiditeit scenarios.

3. Soos voorheen genoem, bevat **CLASS ACT NG** ook 'n volle dosis ammoniumsulfaat. Hierdeur word antagonistiese soute geneutraliseer om die risiko vir kation-sensitiewe onkruidodders soos glifosaat te elimineer.

**CLASS ACT NG** bied 'n drie-in-een oplossing. Verder bevat dit ook 'n teen-skuimmiddel om oortollige skuimvorming te verminder. Dit is gebruikersvriendelik en spesifiek ontwikkel om die meeste fasette van **“OOM”** aan te spreek.

villa



# 2020 Koringkultivar-evaluasie in die Wes-Kaap:

## Resultate weerspieël uitstekende produksiejaar

Wisselende opbrengste in die Wes-Kaap word vererger deur die risiko wat klimaatsverandering meebring, veral reënneerslae. Van die 2011-seisoen se 15 kultivars in die evaluasieprogram het vyf kultivars in die 2020-evaluasie oorgebly.

### Willem Kilian

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

### Petrus Delpont en Virgil Agulhas

LNR-KLEINGRAAN, STELLENBOSCH


**D**IE WES-KAAPSE koringproduksiegebied het 'n uitstekende seisoen agter die rug en spog vir die tweede keer in die geskiedenis met 'n totale produksie van meer as 'n miljoen ton. Die verwagte produksie van 1,092 miljoen ton in 2020 is volgens statistiek van die Nasionale Oesskattingstokomitee 'n skamele 60 000 ton minder as die rekord van 1,098 ton wat in 2016 produseer is.

Ondanks die twee goeie jare oor 'n tydperk van slegs vier jaar, word gewasverbouing onder droëlandtoestande altyd vereenselwig met hoë risiko's. Oor die afgelope dekade het die risiko waarskynlik nog groter geword as gevolg van klimaatsverandering, veral wisselende reënneerslae, wat produksie grootliks beïnvloed. Koringproduksie in die winterreëngedebied van die Wes-Kaap illustreer die risiko duidelik en die wisselende opbrengsvlakke maak beplanning op plaasvlak baie moeilik.


In **Figuur 1** word die tienjaargemiddelde produksiesyfers in die Wes-Kaap asook die totale produksie in Suid-Afrika aangedui.

Produksie in die Wes-Kaap het gewissel tussen 587 000 ton in 2017 (minste) tot 1,1 miljoen ton (meeste) gedurende die 2016-seisoen. Dit verteenwoordig 'n wisseling van 88% oor die afgelope dekade. Die ooreenstemmende syfer vir Suid-Afrika in geheel is 'n 46%-wisseling. Laasgenoemde is laer as gevolg van die meer stabiele produksie onder besproeiing.

NA BLADSY 28



**Figuur 1:** Koringproduksie (miljoen ton/ha) in die Wes-Kaap in vergelyking met die totale Suid-Afrikaanse produksie van 2011 tot 2020 (Bron: Nasionale Oesskattingstokomitee).



**Figuur 2:** Gemiddelde opbrengs van die vyf kultivars wat die volle tydperk van 2011 tot 2020 in die veldproewe ingesluit is, uitgedruk as 'n persentasie van die wenkultivar in tweejaar-intervalle.



**Tabel 1: Swartland (hoë reënval): Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings van 2017 tot 2020.**

Kultivar	2020	R	2019	R	2018	R	2017	R	4-jaar-gemiddeld 2017 - 2020	R	3-jaar-gemiddeld 2018 - 2020	R	2-jaar-gemiddeld 2019 - 2020	R
PAN 3408			3,42	7	4,36	10	3,32	8						10
PAN 3471	4,81	10	3,63	5	4,27	11	3,31	9	4,00	8	4,23	8	4,22	7
Ratel	5,17	6	3,29	11	4,52	6	3,42	6	4,10	6	4,33	6	4,23	9
SST 0117	5,21	4	3,66	3	4,75	5	3,54	4	4,29	3	4,54	3	4,44	3
SST 0127	5,05	8	3,35	9	4,83	2	3,20	11	4,11	5	4,41	5	4,20	5
SST 0147	5,36	2	3,68	2	4,80	3	3,39	7	4,31	2	4,61	2	4,52	
SST 015	4,76	12	3,35	10	4,50	8	3,43	5	4,01	7	4,20	9	4,05	2
SST 0166	5,39	1	3,95	1	5,05	1	3,63	2	4,50	1	4,79	1	4,67	8
SST 0187	5,22	3												1
SST 027							3,17	14						
SST 056	4,89	9	3,40	8	4,52	7	3,18	12	4,00	9	4,27	7	4,14	6
SST 087	5,13	7	3,54	6	4,78	4	3,63	1	4,27	4	4,48	4	4,33	4
SST 096							3,26	10						
SST 88							3,62	3						
Steenbok	4,80	11	3,66	4	3,85	12					4,10	10	4,23	11
Tankwa					4,42	9	3,18	13						
Tredou	5,17	5	3,27	12									4,22	
Gemiddeld	5,08		3,52		4,55		3,38		4,18		4,40		4,30	
KBV <sub>t</sub> (0,05)	0,34		0,26		0,24		0,25		0,14		0,16		0,21	

R = Rangorde

KBV = Kleinste betekenisvolle verskil

**Tabel 2: Middel-Swartland: Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings van 2017 tot 2020.**

Kultivar	2020	R	2019	R	2018	R	2017	R	4-jaar-gemiddeld 2017 - 2020	R	3-jaar-gemiddeld 2018 - 2020	R	2-jaar-gemiddeld 2019 - 2020	R
PAN 3408			3,17	6	3,69	7	1,93	11						
PAN 3471	4,26	10	3,16	7	3,81	6	2,39	2	3,40	6	3,74	7	3,71	8
Ratel	4,54	7	2,73	12	3,64	9	1,94	10	3,21	8	3,64	9	3,64	10
SST 0117	4,76	3	3,18	5	4,49	1	2,15	7	3,64	2	4,14	2	3,97	3
SST 0127	4,65	5	2,96	10	4,01	3	2,09	9	3,43	4	3,87	5	3,81	5
SST 0147	4,83	1	3,21	4	3,86	5	2,19	4	3,52	3	3,97	3	4,02	1
SST 015	4,31	9	3,29	3	3,68	8	2,13	8	3,35	7	3,76	6	3,80	6
SST 0166	4,61	6	3,42	1	4,43	2	2,65	1	3,78	1	4,15	1	4,02	2
SST 0187	4,71	4												
SST 027							2,20	3						
SST 056	4,36	8	3,08	8	3,54	10	1,82	13	3,20	9	3,66	8	3,72	7
SST 087	4,83	2	3,07	9	3,89	4	1,84	12	3,40	5	3,93	4	3,95	4
SST 096							1,71	14						
SST 88							2,16	5						
Steenbok	4,04	12	3,38	2	2,63	12					3,35	10	3,71	9
Tankwa					3,47	11	2,16	5						
Tredou	4,26	10	2,83	11									3,54	11
Gemiddeld	4,51		3,12		3,76		2,10		3,44		3,82		3,81	
KBV <sub>t</sub> (0,05)	0,38		0,26		0,33		0,19		0,15		0,18		0,22	

R = Rangorde

KBV = Kleinste betekenisvolle verskil

# 2020 Koringkultivar-evaluasie in die Wes-Kaap:

## Resultate weerspieël uitstekende produksiejaar

VAN BLADSY 26

### Die rol van goeie koringkultivars se beskikbaarheid

Koringtelers is onder groot druk om kultivars vry te stel wat droogtetoestande beter kan hanteer. Dit sal oor die medium en lang termyn beslis 'n groot bydrae lewer om die risiko te verminder. In die kort termyn behoort kultivarkeuse op plaasvlak die volgende twee aspekte in aanmerking te neem:

- Stabiliteit van kultivars, wat dui op 'n wye aanpassing en dus beter prestasie in die wisselende klimaatstoestande; en
- hoëpotensiaalkultivars, wat die goeie reënvaljare ten volle kan benut.

Resultate wat oor die afgelope dekade in die nasionale koringkultivar-evaluasieprogram in die Wes-Kaap behaal is, bied die ideale geleentheid om te sien wat die vordering met stabiliteit en potensiaal was.

Gedurende die 2011-seisoen was daar 15 inskrywings in die program in die Wes-Kaap. Van hierdie 15 kultivars het slegs vyf tot en met die 2020-seisoen oorleef. Die kultivars PAN 3471, Ratel, SST 015, SST 056 en SST 087 was vir die volle dekade deel van die evaluasieprogram. Dit bied 'n goeie geleentheid om die prestasie van hierdie vyf kultivars oor die dekade te vergelyk met die toppresterders in die ooreenstemmende jare. In **Figuur 2** word die gemiddelde opbrengs van die vyf kultivars wat die volle tydperk van 2011 tot 2020 in die veldproewe ingesluit is, uitge-

druk as 'n persentasie van die wenkultivar in tweejaar-intervalle.

Gedurende die eerste twee seisoene van die dekade was die gemiddelde opbrengs van die vyf kultivars 97% en 95% (Swartland en Rûens onderskeidelik) van die wenkultivar se opbrengs. Soos nuwe kultivars met 'n hoër opbrengspotensiaal op die toneel verskyn het, het hierdie persentasie gedaal na 80% en 66% vir die Swartland en Rûens onderskeidelik.

### Kultivarprestasie in die 2020-seisoen

In **Tabelle 1 tot 7** word alle inligting rakende die prestasie van die kultivars wat oor die afgelope vier jaar in die program ingeskrif is, weergegee. Vir korrekte interpretasie en gebruik is die inligting ingedeel in die verskillende substreke in die winterreëng gebied – vier streke in die Swartland en drie in die Rûens.

LNR-Kleingraan publiseer jaarliks 'n reeks omvattende handleidings wat alle produksie-inligting vir die onderskeie kleingraanproduksiestreke bevat. Hierdie handleidings is reeds sedert Februarie 2021 aan produsente beskikbaar gestel op die LNR-webtuiste. Die amptelike aanbevelings vir kleingraan en die opsomming van die resultate wat in die 2020-seisoen behaal is, soos goedgekeur deur die Nasionale Kultivarevaluasiewerkgroep, word hierin saamgevat.

Produsente wat meer inligting benodig, is welkom om met Willem Kilian by LNR-Kleingraan in verbinding te tree by 058 307 3498 of [kilianw@arc.agric.za](mailto:kilianw@arc.agric.za).

**Tabel 3: Swartland (Koringberg): Gemiddelde opbrengs (ton/ha) van inskrywings van 2017 tot 2020.**

Kultivar	2020	R	2019	R	2018	R	2017*	R	4-jaar-gemiddeld 2017 - 2020	R	3-jaar-gemiddeld 2018 - 2020	R	2-jaar-gemiddeld 2019 - 2020	R
PAN 3408			2,68	3	3,08	4	3,80	3						
PAN 3471	3,28	6	2,38	8	2,85	9	3,93	2	3,11	5	2,84	6	2,83	6
Ratel	3,34	1	2,15	11	2,96	6	3,23	13	2,92	9	2,81	7	2,74	8
SST 0117	3,28	5	2,92	1	3,24	1	3,44	9	3,22	2	3,15	1	3,10	1
SST 0127	3,32	3	2,52	6	3,18	2	3,56	6	3,15	3	3,01	3	2,92	3
SST 0147	3,06	11	2,62	4	3,09	3	3,55	7	3,08	6	2,93	4	2,84	5
SST 015	3,25	9	2,59	5	2,93	7	3,71	4	3,12	4	2,92	5	2,92	4
SST 0166	3,27	7	2,79	2	2,97	5	4,26	1	3,32	1	3,01	2	3,03	2
SST 0187	3,33	2												
SST 027							3,46	8						
SST 056	3,29	4	2,36	9	2,77	10	3,68	5	3,03	7	2,81	8	2,83	7
